SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# Malmesbury Security CC v Baron (18484/2010) [2010] ZAWCHC 462 (9 September 2010)

[2010] ZAWCHC 462

COURT
Western Cape High Court, Cape Town

BEFORE
S Oliver

CASE / FILE NUMBER
18484/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOE HOF VAN SUID-AFRIKA (WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD) SAAK NR: 18484/2010 In die saak tussen: MALMESBURY SECURITY SERVICES CC ........................................................Applikant en MNR BENJAMIN BARRON ..........................................................................Respondent UITSPRAAK GELEWER OP 9 SEPTEMBER 2010 1. Hierdie is 'n aansoek wat voor my gedien net in Derde Afdeling op 27 Augustus 2010 Die applikant versoek dat as 'n saak van dringendheid bevele verleen word dat - (a) 'n toekenning van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ("die Kommissie") ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge. Wet 66 van 1995 ("die Wet") en !n daaropvolgende eksekusielasbrief tersyde gestel word; en (b) beslaglegging op die applikant se bates verbied word. 2. Die applikant is verteenwoordig deur sy "eienaar" wie ek aanvaar die alleen-lid van die applikant is, Mnr. Koen. Hy het in persoon verskyn. Uit sy loodsende eedsverklaring blyk dit dat hy die respondent op 5 Junie 2009 aangestei het om alarms te installeer en tegniese dienste te lewer aan die applikant. Daar het onenigheid tussen die partye ontstaan en het die respondent 'n klagte gaan le by die Kommissie ten aansien van sy beweerde onbillike ontsiag. Die Kommissie het vergader onder die voorsitterskap van mnr Elridge Edwards, te Malmesbury. 'n Toekenning is teen die applikant gemaak en is daar bevind dat die respondent geregtig is op drie maande se salaris in die bedrag van R12 000,00.

IN DIE HOE HOF VAN SUID-AFRIKA

(WES-KAAP HOE HOF, KAAPSTAD)

SAAK NR: 18484/2010

In die saak tussen:

MALMESBURY SECURITY SERVICES CC ........................................................Applikant

en

MNR BENJAMIN BARRON ....................................................................................Respondent

UITSPRAAK GELEWER OP 9 SEPTEMBER 2010

1. Hierdie is 'n aansoek wat voor my gedien net in Derde Afdeling op 27 Augustus 2010 Die applikant versoek dat as 'n saak van dringendheid bevele verleen word dat -

(a) 'n toekenning van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ("die Kommissie") ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge. Wet 66 van 1995 ("die Wet") en !n daaropvolgende eksekusielasbrief tersyde gestel word; en

(b) beslaglegging op die applikant se bates verbied word.

2. Die applikant is verteenwoordig deur sy "eienaar" wie ek aanvaar die alleen-lid van die applikant is, Mnr. Koen. Hy het in persoon verskyn. Uit sy loodsende eedsverklaring blyk dit dat hy die respondent op 5 Junie 2009 aangestei het om alarms te installeer en tegniese dienste te lewer aan die applikant. Daar het onenigheid tussen die partye ontstaan en het die respondent 'n klagte gaan le by die Kommissie ten aansien van sy beweerde onbillike ontsiag. Die Kommissie het vergader onder die voorsitterskap van mnr Elridge Edwards, te Malmesbury. 'n Toekenning is teen die applikant gemaak en is daar bevind dat die respondent geregtig is op drie maande se salaris in die bedrag van R12 000,00.

3. Die toekenning is op 24 September 2009 gelewer. 4. Dit blyk uit die toekenning dat: "The dismissal was thus procedurally and substantively unfair I considered the merits of the matter, the applicant's relative short length of service and the parties' circumstances and found that it would not be appropriate to award the applicant reinstatement. The respondent is thus ordered to pay the applicant the equivalent of three months remuneration calculated [at] R4 000,00 per month, totalling R12 000,00 by not later than 9 October 2009." (My beklemtoning) Die toekenning wat gemaak was, was dat "(t)he respondent shall pay the applicant R12 000,00 by 9 October 2009". 5. Die applikant het in verstek gebly om die bedrag te betaal. 6. Op 20 Oktober 2009 het die respondent suksesvol aansoek gedoen vir die sertifisering van die toekenning ingevolge die bepalinge van artikel 143(3)1. Alhoewel daar aangevoer was dat hierdie sertifikaat verkeerdeiik bekom is, blyk dit nie sonder meer waarom dit die geval sou wees nie. Regtens, en by gebreke aan n appel, sou die respondent, so wil dit my voorkom, geregtig wees op afdwinging van die bevel deur dit te laat sertifiseer. 7. Dit het meegebring dat ingevolge artikel 143(3) van die toekenning wat finaal was involge artikel 143(1), afdwingbaar geraak het en 'n eksekusie lasbrief uitgereik kon word. 8. Dit blyk verder dat die apolikant voorheen 'n aansoek aan hierdie hof gerig het onder saak nommer 5932/2010 waarin daar gevra was vir die tersydestelling van die toekenning deur die Kommissaris van die Kommissie Daar was nie, so blyk dit, met daardie aansoek voortgegaan nie. 9. Die applikant bekla horn verder daaroor dat die respondent van sy eiendom gesteel het en dat hy geregtig is om die waarde van die goedere van die respondent te verhaal. 10. Die blote feit dat die applikant n eis teen die respondent het vir goed wat gesteel is, bring nie

mee dat dit die applikant ontdaan van die verpligting om die R12 000.00 ingevolge die toekenning, aan die respondent te betaal nie. Die tersydestelling van die Kommissie se toekenning. 11. Die tyd waarbmne appe aangeteken kon word het reeds verstryk. Die respondent het suksesvol aansoek gedoen ingevolge artikel 143(3) van die Wet dat die toekenning afgedwing mag word. 12. Daar is geen behoorlike gronde daargestel vir die tersydestelling van die toekenning nie. Daar word eweneens ook nie aangedui welke stappe gedoen was om die appel aanhangig te maak nie. Die enigste verduideliking wat verskaf was. is dat die respondent betekening van die stukke ontwyk. en die Arbeidshof nie bereid is om onder daardie omstandighede die lasbrief tersyde te stel of op te hef nie. 13. Indien die toekenning deur die Kommissie tersyde gestel staan te word, sou daar in iedere geval kennis gegee moes word aan die Voorsitter, asook die Kommissie en sou hulle gevoeg moes - dit is ook nie gedoen nie. 14. Die respondent het 'n geldige toekenning in sy guns. Uit hoofde van die bepalinge van die toekenning, is die respondent geregtig op betaling van die bedrag van R12 000,00 Dit is gemeensaak dat dit nog nie aan horn betaal is nie. Hy was ook, so blyk dit. geregtig om die toekenning as ftnaal te laat sertifiseer ooreenkomstig artikel 143(3) van die Wet.

3. Die toekenning is op 24 September 2009 gelewer.

4. Dit blyk uit die toekenning dat:

"The dismissal was thus procedurally and substantively unfair I considered the merits of the matter, the applicant's relative short length of service and the parties' circumstances and found that it would not be appropriate to award the applicant reinstatement. The respondent is thus ordered to pay the applicant the equivalent of three months remuneration calculated [at] R4 000,00 per month, totalling R12 000,00 by not later than 9 October 2009." (My beklemtoning)

Die toekenning wat gemaak was, was dat "(t)he respondent shall pay the applicant R12 000,00 by 9 October 2009".

5. Die applikant het in verstek gebly om die bedrag te betaal.

6. Op 20 Oktober 2009 het die respondent suksesvol aansoek gedoen vir die sertifisering van die toekenning ingevolge die bepalinge van artikel 143(3)1.

Alhoewel daar aangevoer was dat hierdie sertifikaat verkeerdeiik bekom is, blyk dit nie sonder meer waarom dit die geval sou wees nie. Regtens, en by gebreke aan n appel, sou die respondent, so wil dit my voorkom, geregtig wees op afdwinging van die bevel deur dit te laat sertifiseer.

7. Dit het meegebring dat ingevolge artikel 143(3) van die toekenning wat finaal was involge artikel 143(1), afdwingbaar geraak het en 'n eksekusie lasbrief uitgereik kon word.

8. Dit blyk verder dat die apolikant voorheen 'n aansoek aan hierdie hof gerig het onder saak nommer 5932/2010 waarin daar gevra was vir die tersydestelling van die toekenning deur die Kommissaris van die Kommissie Daar was nie, so blyk dit, met daardie aansoek voortgegaan nie.

9. Die applikant bekla horn verder daaroor dat die respondent van sy eiendom gesteel het en dat hy geregtig is om die waarde van die goedere van die respondent te verhaal.

10. Die blote feit dat die applikant n eis teen die respondent het vir goed wat gesteel is, bring nie mee dat dit die applikant ontdaan van die verpligting om die R12 000.00 ingevolge die toekenning, aan die respondent te betaal nie.

Die tersydestelling van die Kommissie se toekenning.

11. Die tyd waarbmne appe aangeteken kon word het reeds verstryk. Die respondent het suksesvol aansoek gedoen ingevolge artikel 143(3) van die Wet dat die toekenning afgedwing mag word.

12. Daar is geen behoorlike gronde daargestel vir die tersydestelling van die toekenning nie. Daar word eweneens ook nie aangedui welke stappe gedoen was om die appel aanhangig te maak nie. Die enigste verduideliking wat verskaf was. is dat die respondent betekening van die stukke ontwyk. en die Arbeidshof nie bereid is om onder daardie omstandighede die lasbrief tersyde te stel of op te hef nie.

13. Indien die toekenning deur die Kommissie tersyde gestel staan te word, sou daar in iedere geval kennis gegee moes word aan die Voorsitter, asook die Kommissie en sou hulle gevoeg moes - dit is ook nie gedoen nie.

14. Die respondent het 'n geldige toekenning in sy guns. Uit hoofde van die bepalinge van die toekenning, is die respondent geregtig op betaling van die bedrag van R12 000,00 Dit is gemeensaak dat dit nog nie aan horn betaal is nie. Hy was ook, so blyk dit. geregtig om die toekenning as ftnaal te laat sertifiseer ooreenkomstig artikel 143(3) van die Wet.

15. Die applikant bly steeds geregtig om sy regte ten aansien van die beweerde gesteelde goedere na te volg Dat dit die applikant. en mnr Koen, dwars in die krop mag steek om die R12 000,00 in die tussentyd te betaal. kan nie hieraan afbreuk doen nie. 16. Uit hoofde van die voorgaande het die applikant nie 'n saak uitgemaak vir die tersydestelling van die toekenning nie. en ook nie vir die opheffing van die lasbrief nie. 17. Die Arbeidshof het ook die jurisdiksie om die afdwinging van 'n toekenning hangende sy beslissing op te skort hangende 'n

hersieningsaansoek (artikel 145(3) van die Wet).2 Dit bring my by 'n verdere struikelblok wat die applikant in die gesig staar. 18. Daar is n meer fundamentele rede hoekom die regshulp nie deur hierdie Hof toegestaan kan word nie. In Independent Municipal and Allied Trade Union v Northern Pretoria Metropolitan Substructure and Others 1999

(2) SA 234 (T), het die hof by monde van Van Dijkhorst R bevind dat die Arbeidshof eksklusiewe jurisdiksie het ten aansien van toekennings gemaak ingevolge die Wet, en die Hooggeregshof geen oorblywende jurisdiksie het ten aansien van sulke geskille nie. Sien in die verband Chirwa v Transnet Ltd and Others

[2007] ZACC 23; 2008

(4) SA 367 (CC) te paragraaf 104 voetnoot 39; paragraaf 161, voetnoot 14; - die debat ten aansien grondwetlike aangeleenthede kom nie te berde in hierdie aansoek nie. 19. In Fredericks and Others v MEC for Education and Training. Eastern Cape, and Others [2001] ZACC 6; 2002

(2) SA 693 (CC) het O'Regan R as volg opgemerk [38] Section 157(1) therefore has the effect of depriving the High Court of jurisdiction in matters that the Labour Court is required to decide except where the Labour Relations Act provides otherwise. Deciding which matters fall within the exclusive jurisdiction of the Labour Court requires an examination of the Labour Relations Act to see which matters fall 'to be determined' by the Labour Court. It is quite clear that the overall scheme of the Labour Relations Act does not confer a general jurisdiction on the Labour Court to deal with all disputes arising from employment. As Nugent JA held in Fedlife Assurance Ltd:3 '(S)ection 157(1) does not purport to confer exclusive jurisdiction upon the Labour Court generally in relation to matters concerning the relationship between employer and employees.' [39] Instead the Act provides for a careful and complex division of responsibilities between bargaining councils, the CCMA and the Labour Court and Labour Appeal Court. It is also important to note that, generally, the Act requires that disputes be first referred to a conciliation or mediation process before being referred to an agency for adjudication. Some disputes are resolved by conciliation, followed by arbitration, that may be followed by review in the Labour Court and some disputes are resolved by conciliation, followed by adjudication in the Labour Court. So, for example, disputes about organisational rights, the interpretation of collective agreements and many disputes concerning unfair dismissals are to be referred to conciliation generally by the CCMA and then to arbitration. On the other hand, disputes about rights of freedom of association, and certain specified disputes concerning unfair dismissal must first be conciliated and then referred to adjudication to the Labour Court." 20. Gevolglik meen ek dat hierdie Hof nie sonder meer jurisdiksie het nie, en moet die aansoek ook vtr daardie rede faal. 21. Gevolglik word die aansoek van die hand gewys. S Oliver Waarnemende Regter

15. Die applikant bly steeds geregtig om sy regte ten aansien van die beweerde gesteelde goedere na te volg Dat dit die applikant. en mnr Koen, dwars in die krop mag steek om die R12 000,00 in die tussentyd te betaal. kan nie hieraan afbreuk doen nie.

16. Uit hoofde van die voorgaande het die applikant nie 'n saak uitgemaak vir die tersydestelling van die toekenning nie. en ook nie vir die opheffing van die lasbrief nie.

17. Die Arbeidshof het ook die jurisdiksie om die afdwinging van 'n toekenning hangende sy beslissing op te skort hangende 'n

hersieningsaansoek (artikel 145(3) van die Wet).2 Dit bring my by 'n verdere struikelblok wat die applikant in die gesig staar.

18. Daar is n meer fundamentele rede hoekom die regshulp nie deur hierdie Hof toegestaan kan word nie. In Independent Municipal and Allied Trade Union v Northern Pretoria Metropolitan Substructure and Others 1999

(2) SA 234 (T), het die hof by monde van Van Dijkhorst R bevind dat die Arbeidshof eksklusiewe jurisdiksie het ten aansien van toekennings gemaak ingevolge die Wet, en die Hooggeregshof geen oorblywende jurisdiksie het ten aansien van sulke geskille nie. Sien in die verband Chirwa v Transnet Ltd and Others

[2007] ZACC 23; 2008

(4) SA 367 (CC) te paragraaf 104 voetnoot 39; paragraaf 161, voetnoot 14; - die debat ten aansien grondwetlike aangeleenthede kom nie te berde in hierdie aansoek nie.

19. In Fredericks and Others v MEC for Education and Training. Eastern Cape, and Others [2001] ZACC 6; 2002

(2) SA 693 (CC) het O'Regan R as volg opgemerk

[38] Section 157(1) therefore has the effect of depriving the High Court of jurisdiction in matters that the Labour Court is required to decide except where the Labour Relations Act provides otherwise. Deciding which matters fall within the exclusive jurisdiction of the Labour Court requires an examination of the Labour Relations Act to see which matters fall 'to be determined' by the Labour Court. It is quite clear that the overall scheme of the Labour Relations Act does not confer a general jurisdiction on the Labour Court to deal with all disputes arising from employment. As Nugent JA held in Fedlife Assurance Ltd:3

'(S)ection 157(1) does not purport to confer exclusive jurisdiction upon the Labour Court generally in relation to matters concerning the relationship between employer and employees.'

[39] Instead the Act provides for a careful and complex division of responsibilities between bargaining councils, the CCMA and the Labour Court and Labour Appeal Court. It is also important to note that, generally, the Act requires that disputes be first referred to a conciliation or mediation process before being referred to an agency for adjudication. Some disputes are resolved by conciliation, followed by arbitration, that may be followed by review in the Labour Court and some disputes are resolved by conciliation, followed by adjudication in the Labour Court. So, for example, disputes about organisational rights, the interpretation of collective agreements and many disputes concerning unfair dismissals are to be referred to conciliation generally by the CCMA and then to arbitration. On the other hand, disputes about rights of freedom of association, and certain specified disputes concerning unfair dismissal must first be conciliated and then referred to adjudication to the Labour Court."

20. Gevolglik meen ek dat hierdie Hof nie sonder meer jurisdiksie het nie, en moet die aansoek ook vtr daardie rede faal.

21. Gevolglik word die aansoek van die hand gewys.

S Oliver

Waarnemende Regter

1Artikel 143 lui as volg 143 Uitwerking van arbitrasietoekennings (1) 'n Arbitrasietoekenning deur 'n kommissans uitgereik. is finaal en bindend, en dit kan afgedwmg word asof dit 'n bevel van dm Arbeidshof is, tensy dit 'n adviserende arbitrasietoekenning is. [Sub-a.

(1) vervang by a. 32 (a) van Wot 12 van 2002] (2) Indien 'n arbitrasietoekennlng 'n parly gelas om 'n som geld te betaal. verdien die bedrag rente vanafdie datum van die toekenning

en teen dieselfde koers as die koers wat van tyd tot tyd ingevotge artikel 2 van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers. 1975 (Wet 55 van 1975), ten opsigte var 'n vonnisskuld voorgeskryf word, tensy die toekenning anders bepaal. (3) 'n Arbitrasietoekenning mag ingevoige subartikel (1) afgedwing word slegs as die direkteur gesertifiseer het dat die arbitrasietoekenning 'n toekenning is soos by subartikel (1) beoog. [Sub-a.

(3) bygevoeg by a. 32

(b) van Wet 12 van 2002.] (4) Indien 'n party versuim om 'n arbitrasietoekenning na te kom wat gelas dat 'n handelingverrig word; uitgesonderd die Delating van 'n bedrag geld, kan entge ander party by dietoekenning dit afdwing deur middel van minagtingsvenigtinge wat in die Arbeidshof ingestelword. [Sub-a

(4) bygevoeg by a 32 (b) van Wet 12 van 2002.]

1Artikel 143 lui as volg

143 Uitwerking van arbitrasietoekennings

(1) 'n Arbitrasietoekenning deur 'n kommissans uitgereik. is finaal en bindend, en dit kan afgedwmg word asof dit 'n bevel van dm Arbeidshof is, tensy dit 'n adviserende arbitrasietoekenning is.

[Sub-a.

(1) vervang by a. 32 (a) van Wot 12 van 2002]

(2) Indien 'n arbitrasietoekennlng 'n parly gelas om 'n som geld te betaal. verdien die bedrag rente vanafdie datum van die toekenning

en teen dieselfde koers as die koers wat van tyd tot tyd ingevotge artikel 2 van die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers. 1975 (Wet 55 van 1975), ten opsigte var 'n vonnisskuld voorgeskryf word, tensy die toekenning anders bepaal.

(3) 'n Arbitrasietoekenning mag ingevoige subartikel (1) afgedwing word slegs as die direkteur gesertifiseer het dat die arbitrasietoekenning 'n toekenning is soos by subartikel (1) beoog.

[Sub-a.

(3) bygevoeg by a. 32

(b) van Wet 12 van 2002.]

(4) Indien 'n party versuim om 'n arbitrasietoekenning na te kom wat gelas dat 'n handelingverrig word; uitgesonderd die Delating van 'n bedrag geld, kan entge ander party by dietoekenning dit afdwing deur middel van minagtingsvenigtinge wat in die Arbeidshof ingestelword.

[Sub-a

(4) bygevoeg by a 32 (b) van Wet 12 van 2002.]

2145 Hersienmg van arbitrastetoekennings (1) 'n Party by 'n geskil wat beweerdat daar 'n gebrek is in enige arbitrasieverhgtinge onder beskerming van die Kommissie, kan by die Arbeidshof aansoek doen om 'n bevel wat die arbitrasietoekenning tersyde stel- (a) binne ses weke na die datum waarop die toekenning aan die aansoeker beteken is, tensy 'n misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voomoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korwpte Bedrywighede, 2004, by die vermeende gebrek betrokke is; of [Par

(a) vervang by a. 36 (1) van Wet 12 van 2004,] (b) indien 'n misdryf bedoel in paragraaf (a) by die vermeende gebrek betrokke is, binne ses weke na die datum v/aarop die aansoeker sodanige misdryf ontdek. [Par

(b) vervang by a. 36 (1) van Wet 12 van 2004] (1A) Die Arbeidshof kan by aanvoering van gegronde redes die laat indiening van 'n aansoek ingevolge subartikel (1) kondoneer [Sub-a. (1A) ingevoeg by a. 34 van Wet 12 van 2002.] (2) 'n Gebrek soos in subartikel (1) bedoel, beteken- (a) dat- (i) die kommissaris wangedrag gepleeg het met betrekking tot dio pligte van die kommissaris as arbiter; (ii) die kommissaris 'n growwe onreelmatigheid begaan het by die voer van die arbitrasieverngtinge; of (iii) die kommissaris se bevoegdhede gedurende die arbitrasie oorskry is; of (b) dat 'n toekenning onbehooriik verkry is. (3) Die Arbeidshof kan die afdwinging van die toekenning hangende sy beslissing. opskort (4) Indian die toekenning tersyde gestel word, kan die Arbeidshof- (a) die geskil beslis op die wyse wat hy gepas ag; of (b) enige bevel uitreik wat hy gepas ag oor die prosedure v/at govolg moet word ten einde die geskil te besleg.

2145 Hersienmg van arbitrastetoekennings

(1) 'n Party by 'n geskil wat beweerdat daar 'n gebrek is in enige arbitrasieverhgtinge onder beskerming van die Kommissie, kan by die Arbeidshof aansoek doen om 'n bevel wat die arbitrasietoekenning tersyde stel-

(a) binne ses weke na die datum waarop die toekenning aan die aansoeker beteken is, tensy 'n misdryf bedoel in Dele 1 tot 4, of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voomoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korwpte Bedrywighede, 2004, by die vermeende gebrek betrokke is; of

[Par

(a) vervang by a. 36 (1) van Wet 12 van 2004,]

(b) indien 'n misdryf bedoel in paragraaf (a) by die vermeende gebrek betrokke is, binne ses weke na die datum v/aarop die aansoeker sodanige misdryf ontdek.

[Par

(b) vervang by a. 36 (1) van Wet 12 van 2004]

(1A) Die Arbeidshof kan by aanvoering van gegronde redes die laat indiening van 'n

aansoek ingevolge subartikel (1) kondoneer [Sub-a. (1A) ingevoeg by a. 34 van Wet 12 van 2002.]

(2) 'n Gebrek soos in subartikel (1) bedoel, beteken-

(a) dat-

(i) die kommissaris wangedrag gepleeg het met betrekking tot dio pligte van die kommissaris as arbiter;

(ii) die kommissaris 'n growwe onreelmatigheid begaan het by die voer van die arbitrasieverngtinge; of

(iii) die kommissaris se bevoegdhede gedurende die arbitrasie oorskry is; of

(b) dat 'n toekenning onbehooriik verkry is.

(3) Die Arbeidshof kan die afdwinging van die toekenning hangende sy beslissing. opskort

(4) Indian die toekenning tersyde gestel word, kan die Arbeidshof-

(a) die geskil beslis op die wyse wat hy gepas ag; of

(b) enige bevel uitreik wat hy gepas ag oor die prosedure v/at govolg moet word ten einde die geskil te besleg.

3Fedlife Assurance Ltd v Wolfaardt 2002 (1) SA 49 (SCA)

## Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE https://www.saflii.org/za/cases/ZAWCHC/2010/462.html

CASE PAGE https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/malmesbury-security-cc-v-baron-unknown-topic-awchc-2010

Prepared on 10 October 2026 · Esheria